# KOERSVAS

Jaargang 12 Uitgawe 240
18 Julie 2025

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto

**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel: Goedgelowig**
**Berigte: Dagbestuur**
**Nicea 1700 jaar**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

Goedgelowig

Slagspreuke en kort anekdotes het ‘n manier om mense op sleeptou te neem. Ondeurdagte giere word met bufferplakkers bevorder. Halwe waarhede uniek saamgeflans met ‘n goeie porsie leuens laat die verbeelding vrye teuels kry. Die mensdom word soms deur die laaste drie letters van die term gekenmerk – dom.

So gebeur dit dat aanvalle teen die kerk vir soetkoek opgeëet word. Soms is dit onkunde, maar meermale is dit kwaadwilligheid en eiegeregtigheid wat agter die aanvalle teen die kerk lê. Om ‘n eie standpunt te regverdig, is sommiges oortuig dat dit goed genoeg is om die ander standpunt verdag te maak of te ondergrawe. Kreatiewe lisensie word waninterpreteer as feitelike navorsingsresultate.

Neem as voorbeeld die vele samesweringsteorieë wat deur kwaadwilliges ontstaan het rondom die kerk van alle eeue se Niceense belydenis. ‘n Gewilde voorbeeld van hierdie benadering vind ons in die boek van Dan Brown – ‘*The Da Vinci code*” (wat ook verwerk is na ‘n film met dieselfde naam).

Tydens die gesprek tussen die protagonis en sy reisgenoot (Professor Robert Langdon en kriptoloog Sophie Neveu) en die (eindelike) antagonis (Sir Leigh Teabing), verwys Teabing na die konsilie van Nicea as die plek waar die kerk die kanon vasgestel het. Dan verwys hy na die evangelie volgens Maria en beweer dat daardie evangelie deur die Konsilie uitgegooi is, maar gesagvol is en die potensiaal het om die hele kerk in chaos te dompel.

Vreemde, swak logika en verkeerde feite kan in ‘n paar woorde oorgedra word, maar noop lang antwoorde. Hierdie stellings in die boek is nie korrek nie, die saak van die kanon was nie eens op die agenda vir die Konsilie nie. Die teenwoordiges het almal wel hulle beroep op die Skrif, elkeen vanuit ‘n ander perspektief. Die kanon was dsie basis aanvaarde brondokument tydens die Konsilie.

In die Dan Brown storie gebruik Teabing swak logika en verdagmaking om sy punt te kan maak. Hy redeneer naamlik verkeerdelik dat die kerk by Nicea die evangelie van Maria verwerp het omdat die vrou se rol nie in die kerk van belang was nie. Gerieflikheidshalwe vergeet hy dat die vroue onder andere die eerste getuies van die opstanding was. Die eerste moderne manuskrip van die evangelie volgens Maria is eers in 1896 ontdek as deel van die Berlin Codex. Dit was in Kopties geskryf en is duidelik deel van die gnostiese literatuur. Die evangelie het in alle waarskynlikheid in

die tweede helfte van die tweede eeu na Christus ontstaan, met ander woorde meer as een honderd jaar na die dood van Christus en baie dekades na die ontstaan van die boeke wat in die kanon opgeneem is. Dit is ook nie veel aangehaal nie omdat die vroeë kerk dit nie as gesagvol gesien het nie. Dit is so gering geag dat dit amper in die vergetelheid verdwyn het.

Die nie-korrekte historiese gegewens is deur die outeur gebruik om sy storielyn te dien. Die kritiese leser kan hom dit vergewe. Dit is eintlik die onkritiese en onkundige lesers wat deur sy stellings mislei word. Dit is hulle eie skuld. Daar is ook diegene – soos die mense wat gnostiek aanhang – wat dieper en duister motiverings het vir hulle pogings om ons klassieke fondasies verdag te maak.

Daar is baie ander voorbeelde wat gegee kan word van die verdagmaking van beproefde dokumente en tradisies. Dit is altyd goed om alle tradisies te ondersoek, te bevraagteken en dan konstruktief te vervang of herbevestig. Dit is nie moontlik om alles van alles te weet nie. Dit is tog moontlik om nuwe perspektiewe raak te sien en hulle dan te toets. Die keuse is tussen goedgelowigheid en gedissiplineerde navraag. Nie alles wat mooi klink, moet vir soetkoek opgeëet word nie.

Die konsilie van Nicea het 1700 jaar gelede plaasgevind, van Mei tot einde Julie 325nC. In die historiese artikel in hierdie Koersvas sal die konsilie se aanloop, agenda en resultate ondersoek word. Een van die groot redes vir die Konsilie was die onrustigheid in die kerk rondom die leer wat deur ‘n priester uit Alexandrië verkondig is. Arius se oortuiging was dat daar ‘n tyd was wat die Seun nie was nie; die tweede persoon van die Triniteit is met ander woorde deur die eerste geskep. Arius het impliseer dat daar op ‘n stadium net die een Godheid was, wat toe deur wilsbesluit die Vader geword het.

Arius het onder andere sy leer versprei deur liedjies op te maak wat sy oortuiging versprei het. Ons weet nie veel van die melodie nie, maar die woorde van een van die liedjies klink iets soos die volgende: “*Daar was ‘n tyd wat hy wat is nie was nie (ἦν ποτε ὅτε οὐκ ἦν)*”. Hierdie liedjie is op die hawens en op die markpleine gesing.

‘n Goeie melodie en lirieke is mos aansteeklik. Arius het onder die onkundiges groot steun vir sy benadering gekry. By die konsilie van Nicea is sy gedagtes as dwaling beskryf en die Niceense belydenis het die kerk se oortuiging 1700 jaar gelede verwoord. Die unieke van die Niceense belydenis is dat ons geloof in die Triniteit daarin direk verwoord is.

Die geleentheid om die Niceense belydenis opnuut met toewyding en dankbaarheid te omhels en koester, is nou. Nie goedgelowig nie, maar omdat dit ons geloof goed omskryf.

# BERIGTE

### Dagbestuur

Die GHG dagbestuur vergader Vrydag 25 Julie 2025. By die vergadering sal verskeie sake bespreek word. Die finalisering van die Agenda vir die Bondsvergadering is hoogste prioriteit. Litigasie en sake rakende probleemoplossing gaan ook besondere aandag geniet. Enige sake wat u op die agenda wil plaas of in

gesprek oor met die dagbestuur wil tree, kan deurgegee word aan ds. Frans Marais.

**Nicea 1700 jaar**

In die meeste kerke word die Niceense belydenis Sondae voorgelees of opgesê. Soos met die Apostoliese belydenis en die belydenis vernoem na Athanasius, is dit die drie belydenisse wat deur die kerk aanvaar word as opsomming van ons gemeenskaplike geloof. Hierdie belydenis (Nicea) het – anders as die Apostolicum – nie ‘n organiese ontstaan en groei nie, dit is die produk van berekende en beredeneerde besluite. Die Niceense belydenis se volle naam is eintlik Niceano-Konstantinopolitanum. Die eerste deel van die belydenis is in 325nC te Nicea verwoord, die tweede deel is vasgestel in 381nC te Konstantinopel. In hierdie artikel gaan net die konsilie van Nicea en sy besluite onder die loep geneem word.

**<u>Agtergrond</u>**

In die aanloop tot hierdie Konsilie is dit die politiese- en teologiese faktore wat uitstaan.

**Polities**: Diocletius (242/245 – 311/312) was die heerser oor die hele Romeinse ryk. Hy het die ryk in 293nC in twee gedeel (Oos en Wes) en oor elke deel ‘n augustus (senior heerser) en caesar (junior heerser) aangestel. Maxentius was saam met Diocletius senior heerser, terwyl Konstantius Galerius en Licinius as caesares aangestel is. Met die dood van Konstantius is Konstantyn tot nuwe caesar verklaar deur sy troepe. By die slag van die (312nC) Milvian brug (belangrike roete oor die Tiber rivier) het Konstantyn die leer van Maxentius verslaan en dit het hom in beheer gelaat van die Westerse deel van die Romeinse ryk. Daar word vertel dat Konstantyn voor die veldslag in ‘n visioen die Chi Rho ☧.gesien het. Hy het die teken op sy vaandel gesit en oorwin. Die ☧ was ‘n vroeë Christogram bestaande uit die eerste twee letters van die woord *Χριστός*. Dit was ook die begin van sy bekering na die Christelike geloof toe. ‘n Jaar later het Konstantyn die Edik van Milan (312nC) geproklameer. Hierdie edik het toleransie (godsdiensvryheid) vir Christene gewaarborg. In 325nC verslaan Konstantyn vir Licinius (heerser oor die Oostelike deel van die ryk) by die slag van Chrysopolis en word daarmee heerser oor die hele Romeinse ryk. Hy het dadelik begin om eenheid en eenvormigheid te bevorder. Hy het, onder andere, om inflasie hok te slaan. ‘n standaard goue munt ingestel (die *solidus* wat vir meer as duisend jaar gebruik sou word). Eenheid in die kerk was derhalwe vir hom belangrik.

**Teologies**: Die groot Diocletius vervolging (303-313nC) was die laaste verbete poging om die groeiende Christendom in die Romeinse ryk te stuit. Galerius se edik van Toleransie (311nC) het die Christelike geloof wettig gemaak, gevolg deur Konstantyn se edik van Milan (313nC) Tot en met die Edik van Milan was die Christene van tyd tot tyd vervolg; soms ernstig, soms nie. Daar word vertel dat baie van die biskoppe wat die konsilie van Nicea bygewoon het, littekens van die vervolging gehad het – van brandmerke en snye tot amputasies. Ten spyte van hierdie vervolging deur ten minste twee en ‘n half eeue, het die kerk teologies gevestig geraak en was vele sake reeds

in konsensus bely. Tot en met die einde van die vervolging van die kerk was die kerk se energie gefokus op staande bly en die martelaarskap verduur. Na die vervolging kon die kerk met meer intellektuele energie fokus op teologiese uitdagings. Dit sou lei tot die goue eeu van kerkvaders wat die teologiese basis sou lê vir die toekoms.
Die Apostolicum (wat waarskynlik uit ‘n Doopformulier gegroei het) was bekend. Daar was redelik konsensus oor die kanon. Die eerste groot uitdaging wat ‘n vrye Christendom teëgekom het, het van binne gekom.
Arius (250-336nC) was ‘n asketiese presbiter te Alexandrië. Hy het die Triniteit-verstaan van Alexander van Alexandrië verwerp. Arius se subordianisme het van die Seun ‘n geskape wese gemaak. Hy het absolute eenheid (eenwees) van die goddelike tot die hoogste perfeksie (neoplatonisme) integreer met ‘n rasionalistiese benadering tot die Nuwe Testament. Sy redenasie was iets soos die volgende: Indien God onkenbaar is (platoniese veronderstelling) dan is Jesus nie van dieselfde stoffasie as die Vader nie, want Jesus is kenbaar. Daarmee saam: Indien God een is en nie verdeelbaar is nie, dan volg dit dat Jesus beide anders is en na God ontstaan het - ‘n goddelike skepsel. Jesus was die eersgeborene van die skepping, goddelik maar nie ewig nie (Arius se ‘rasionele argumente’). Sy woorde “*Daar was ‘n tyd wat hy wat is nie was nie (ἦν ποτε ὅτε οὐκ ἦν)*” het impliseer dat die Seun voor die skepping deur God (wat in daardie oomblik Vader geword het) in aansyn geroep is. Hy het verstaan dat die Seun ook goddelik is, maar ondergeskik aan die Vader (wat beteken dat Arius aanhangers met rustigheid die *Apostolicum* kon bely; aangesien die Triniteit net impliseer word, maar nie direk daarin verwoord word nie). Dit het vlakke van goddelikheid gesuggereer. Met so ‘n benadering staan jy weer op die rant van die politeïsme afgrond.
Hy het sy standpunt wyd verkondig en bekend gemaak met gewilde liedjies en rympies wat welbekend was en wyd gesing is van markpleine tot hawens en op skepe. Alexander, die biskop van Alexandrië het hom aangespreek en eindelik verban. Tydens sy ballingskap het hy net ‘n nuwe gehoor vir sy kettery gekry. Dit het die hele Christelike gemeenskap in beroering gebring en daar is wyd oor die saak debat gevoer.
Dit was nie net Arius en dele van die bevolking wat so geglo het nie. Biskoppe soos Eusebius van Caeseria en Eusebius van Nicodemia het sy leer aangehang. Daar was ten minste 22 biskoppe by Nicea wat Arius se standpunt ondersteun het.
Deel van die kerk se probleem was dat die eenheid in drie persone maklik verkeerd verstaan kan word, soos blyk uit die modalisme van Sabelius wat in die derde eeu bestry moes word. Sabellianisme leer dat die een God Homself op drie opeenvolgende maniere openbaar het; as Vader in die skepping, as Seun in die redding en as Gees in die heiliging en vernuwing. Sabelius se woorde is onregmatig soos ‘n swaard oor die teenstanders van Arius gehou.

**<u>Die Konsilie self</u>**

**Uitnodiging**; Konstantyn is waarskynlik deur Eusebius van Caeseria attent gemaak op die stryd in die kerk. Hy het briewe aan Alexander en Arius geskryf

waarin hy hulle aangemoedig het om die strydbyl te begrawe. Hy was geen teoloog nie en het geen begrip vir teologiese nuanses gehad nie. Biskop Hosius het die briewe oorgedra. Daarna het hy as voorsitter waargeneem by 'n sinode sitting te Alexandrië (daar was gereeld sinodale byeenkomste) rakende die berekening van die Paastyd. Daarna was daar 'n algemene sinodale byeenkoms van oosterse biskoppe in Antiochië. By daardie byeenkoms is Alexander se standpunt ondersteun. Die onrus het nie gaan lê nie. Konstantyn het toe al die biskoppe oor die hele Romeinse ryk uitgenooi (325nC) na 'n eerste algemene konsilie te Ancyra in Klein-Asië. Hy het later die plek verander na Nicea (vandag İznik in Turkye) sodat hy self ook die verrigtinge kon bywoon.

Konstantyn het al die kostes van die konsilie gedra, insluitend verblyf en kos vir die konsilie wat in die paleis gehou is. Daar was iewers tussen 200 en 300 biskoppe vanuit die toe bekende kerkwêreld wat die vergadering bygewoon het. Volgens Athanasius van Alexandrië was daar 318 biskoppe teenwoordig. Baie biskoppe is van presbiters en diakens vergesel – wat die getal teenwoordiges baie groter maak. Biskop Sylvester van Rome kon weens gesondheid nie die vergadering bywoon nie, maar is verteenwoordig deur twee presbiters. Die finale belydenis is deur 200-220 mense onderteken.

**Agenda en bespreking**: Die byeenkoms het die geleentheid geskep om veel meer as net die een kontrovers te hanteer. Daar was met ander woorde baie meer op die agenda as net die Arius-dwaling. Huishoudelike reëls vir priesters, Paasfees en Arius se dwaling was die groot items wat hanteer moes word.

Die reëls vir priesters het gefokus op sake soos kastrasie, wie by 'n priester mag woon en by wie 'n priester kon woon. Daar was vrae oor hoe mens bid en die status van presbiters.

Daar was geen eenvormigheid in die kerk oor die viering van Paasfees nie. Sommiges het die Paasfees gevier dieselfde tyd as die Jode. Daar was diegene wat selfs in die week (nie noodwendig op 'n Sondag die opstanding gevier het) Paasfees gevier het saam met die Joodse Pasga. Die Jode het volgens 'n maankalender (336 dae in 'n jaar) gewerk en die Christene het die Juliaanse sonkalender (365 dae in 'n jaar) gevolg. Wiskundig was dit dus moontlik om Paasfees twee keer in een jaar te vier.

Die hooftema was egter die Arius-kontrovers en dit sou eindelik die meeste tyd in beslag neem.

Die gesprek het sentreer rondom Jesus en Sy goddelike aard. Om Jesus se aard te beskryf, het Alexander, Athanasius en die meeste biskoppe gekies ten gunste van die term "*ὁμοούσιον*" – <u>dieselfde</u> substansie. Arius en sy ondersteuners het gekies vir "*ετερο ὁμοούσιον*" – <u>ander</u> substansie. 'n Vermeende middelgrond is voorgestel met die woord *ὁμοιούσιον* – <u>soortgelyke</u> substansie. Daardie een klein lettertjie "i" ingevoeg het natuurlik ook 'n wêreldse verskil gemaak. Dit het steeds impliseer dat die Seun van mindere- of ander substansie as die Vader is en die kompromie is met reg verwerp.

Die inhoud van die debat beslaan 40 boeke (wat verlore gegaan het). Uit die

briewe en geskrifte van teenwoordiges, kan ons sekere afleidings maak. Een saak wat soos ‘n paal bo water staan is dat almal die Bybel aangehaal het in hulle argumente. Dit is van alle waarheid ontbloot dat daar oor die kanon debatteer is of op die kanon besluit is. Die gesagvolle boeke van die Bybel was aanvaarde materiaal en is gesagvol aangehaal. Dit is gerade om te fokus op die besluite.

**Besluite**:

Die Konsilie het op 20 kanons besluit – besluite oor kastrasie (indien gedoen deur barbare – mense van buite die ryk, ongelowige slawehandelaars - is toelaatbaar, gesond en toe self gekastreer, moet liewer nie meer as geestelike leiers toegelaat word nie). Wie as biskop toegelaat mag word (deur ander aangestel en geëksamineer), wie by ‘n priester mag inwoon (ma, sussie, iemand bo verdenking). Hoe daar gebid moet word (staande eerder as knielend) en ‘n paar ander besluite oor sake eie aan hulle tyd.

Die Konsilie het besluit om nie meer soos die Jode op Pasga nie, maar eenvormig, die Paasfees te bereken en te vier. Die besluit was dat die Paasfees (opstanding Sondag) gevier sal word op die eerste Sondag na die eerste volmaan na die lente-ewening (in die noorde op 21 Maart).

Arius se leer is tot dwaling verklaar en hy is onder sensuur geplaas. Die Konsilie het briewe gestuur aan sekere gemeentes waaronder die kerk in Alexandrië. Daar is ook besluit om ‘n geloofsbelydenis op te stel. Hierdie belydenis sou in 381nC te Konstantinopel gewysig en uitgebrei word. Eusebius van Caeseria (wat ‘n sterk ondersteuner van Arius se standpunt was) en een ander biskop het geweier om die belydenis te onderteken en is geëkskommunikeer. Die oorspronklike belydenis het iets soos die volgende gestel (vry vertaal):

Πιστεύομεν εἰς ἕνα Θεὸν Πατέρα παντοκράτορα
Credimus in unum Deum patrem omnipotentem

**Ons glo in een God: die Almagtige Vader**

πάντων ὁρατῶν τε καὶ ἀοράτων ποιητήν·
omnium visibilium et invisibilium factorem.

**Wat alles sigbaar en onsigbaar gemaak het (sienlike en onsienlike geskep het)**

καὶ εἰς ἕνα Κύριον Ἰησοῦν Χριστὸν τὸν Υἱὸν τοῦ Θεοῦ,
Et in unum Dominum nostrum Jesum Christum filium Dei,

**En in Een Heer, Jesus Christus, die Seun van God**

γεννηθέντα ἐκ τοῦ Πατρὸς μονογενῆ τουτέστιν ἐκ τῆς οὐσίας τοῦ Πατρος
natum ex Patre unigenitum, hoc est, de substantia Patris,

**gebore (Verwek–** *begotten***) uit die Vader, enig-gebore (enig-verwek -** *only begotten***), dit is van die substansie van die Vader**

Θεὸν ἐκ Θεοῦ, Φῶς ἐκ Φωτός, Θεὸν ἀληθινὸν ἐκ Θεοῦ ἀληθινοῦ,
Deum ex Deo, lumen ex lumine, Deum verum de Deo vero,

**God uit God, Lig uit Lig ware God uit ware God**

γεννηθέντα, οὐ ποιηθέντα,
natum non factum,

**gebore (verwek -** *begottten***), nie gemaak nie,**

ὁμοούσιον τῷ Πατρί,
unius substantiae cum Patre, quod graece dicunt homousion

**van dieselfde substansie as die Vader** (die Latynse teks voeg by “wat die Grieke *homousion* noem” - om enige verwarring te vermy)

δι’ οὗ τὰ πάντα ἐγένετο τά τε ἐν τῷ οὐρανῷ καὶ τὰ ἐν τῇ γῇ,
per quem omnia facta sunt quae in coelo et in terra

**deur Wie alle dinge ontstaan het in die hemel en op aarde**

τὸν δι’ ἡμᾶς τοὺς ἀνθρώπους, καὶ διὰ τὴν ἡμετέραν σωτηρίαν,
qui propter nostram salutem

**wat as gevolg van ons mense en as vir ons saligheid**

κατελθόντα, καὶ σαρκωθέντα, καὶ ἐνανθρωπήσαντα, παθόντα,
descendit, incarnatus est, et homo factus est, et passus est,

**neergedaal het en vlees geword het, mens geword het en gely het**

καὶ ἀναστάντα τῇ τρίτῃ ἡμέρᾳ, ἀνελθόντα εἰς τοὺς οὐρανούς,
et resurrexit tertia die, et adscendit in coelos,

**en op die derde dag opgestaan het en na die hemel opgevaar het**

ἐρχόμενον κρῖναι ζῶντας καὶ νεκρούς.
venturus judicare vivos et mortuos.

**En sal kom om die lewendes en die afgestorwenes te oordeel.**

καὶ εἰς τὸ Ἅγιον Πνεῦμα.
Et in Spiritum sanctum.

**En in die Heilige Gees**

Τοὺς δὲ λέγοντας Ἦν ποτε ὅτε οὐκ ἦν, καὶ Πρὶν γεννηθῆναι οὐκ ἦν,
Eos autem, qui dicunt, Erat quando non erat,

**Hulle egter, wat sê: Daar was toe Hy nie was nie**

καὶ ὅτι Ἐξ οὐκ ὄντων εγένετο,
et ante quam nasceretur non erat,

**en dat voor geboorte was Hy nie;**

ἢ Ἐξ ἑτέρας ὑποστάσεως ἢ οὐσιάς φάσκοντας εἶναι ἢ κτιστόν
ἢ τρεπτόν ἢ ἀλλοιωτὸν τὸν Υἱὸν τοῦ Θεοῦ,
et quod de non exstantibus factus est, vel ex alia substantia aut essentia, dicentes convertibilem et demutabilem Deum

**dat Hy uit niks gekom het, hulle wat beweer dat hy van 'n ander aard of substansie is of geskep is dat Hy verander en aan verandering onderworpe is -**

τούτους ἀναθεματίζει ἡ ἁγία καθολικὴ καὶ ἀποστολικὴ ἐκκλησία. :
hos anathematizat catholica Ecclesia.

**Word vervloek deur die heilige Katolieke en Apostoliese kerk.**

Hierdie belydenis sê sekere dinge onomwonde. Die verwysing na God uit God onderstreep die goddelikheid van Jesus. Daarmee saam word Jesus beskryf as van dieselfde substansie as die Vader, met ander woorde nie geskape en of gemaak nie. Uit die Vader, maar saam met die Vader, reeds voor tyd. Ware God. Tegnies sou ons moet stel dat die ontologiese saak buite tyd geplaas moet word.

Die Konsilie skroom ook nie om die aanhangers van die Arius-leer as "vervloek" (*ἀναθεματίζει - anathematizat - anathematizes*) te beskryf nie.

Na die Konsilie is daar briewe aan die gemeentes gestuur en al sou Arius se leer steeds ondersteun word, sou dit nooit weer 'n amptelike standpunt van reggeaarde geestelikes wees nie. Met die neem van die besluite, is die fondasies gelê vir wat ons vandag ortodoksie noem – die suiwer leer.

## KENNISGEWINGS

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

# Volkshulp2000

(NPO 004-086)

Volkshulp2000 is 'n geregistreerde, nie-winsgewende welsynsorganisasie wat al vir meer as 30 jaar na hulpbehoewende volksgenote omsien. Volkshulp2000 ontvang geen hulp van die staat of buitengewoon groot ondernemings nie. Ons is ten volle afhanklik van donasies en ander skenkings (soos produkte, klere en meubels) deur volksgenote. Hulpbehoewende volksgenote se getalle neem toe. Gesinne, kinders en bejaardes is slagoffers van omstandighede buite hulle beheer. Ons doen 'n beroep op volksgenote om ons te help om hierdie toenemende nood te bestry.

**Belastingsertifikate is op aanvraag beskikbaar.**

**Straatadres:** Steadlaan 246,
Queenswood, Pretoria
**Tel:** 012 755 8201/2
**Posadres:** Posbus 11824,
Queenswood, 0121
**Vonkpos:** bestuur@volkshulp.org.za
**Bankbesonderhede:**
Tjekrekeningnommer ABSA 10176514,
Takkode: 623 005

Volkshulp 2000

MET SAAMWERK SAL ONS STREEF OM TER EER VAN GOD TE LEEF

**https://www.volkshulp.org.za**

**https://www.facebook.com/Volkshulp2000.amptelik**